# SONDAGSKOOL LES: Verstaan jou Bybel – Bybel sleutels

**Doel van les:**

- Om die basiese samestelling van die Bybel beter te verstaan sodat ons dit gemakliker kan lees en gebruik.

**Ysbreker: Boek ordes:** Gee vir elke groep 'n Ou Testament en Nuwe Testament kaart. Gee ook vir hulle die eerste vyf boeke van die Ou Testament en Nuwe Testament. Hulle moet nou die boeke onder die twee kaarte in die regte volgorde rangskik. Ons gaan elke week die speletjie doen en boeke byvoeg totdat hulle al die boeke in die Bybel gekry het om te rangskik.

Vraag in groepe: Beskryf gou hoe lyk julle skoolhandboeke.

**Groepwerk:**

Vra die groepe om deur hulle Bybels te blaai en neer te skryf watter afdelings hulle sien. (Ou Testament, Nuwe Testament, boeke, verse, paragrawe, bladsy nommers, ens)

**Sê:** Baie van hierdie afdelings is bygesit om ons te help om beter te kan verstaan wat geskryf is, en die organisasie help ons om die groter prentjie van die Evangelie beter te kan sien.

Julle skoolhandboeke is baie uiteengesit soos die Bybel sodat julle die beste kans gegee kan word om te verstaan wat daarin geskryf is. Ek wil vandag net so klein stappie verder verduidelik rondom hoe ons ons Bybels makliker kan verstaan en lees.

Skryf die volgende letters op 'n wit bord of groot stuk blaai en vra die kinders wat dit beteken:

J F M A M J J A S O N D

Van die kinders sal reg raai, maar indien nie vertel hulle dat die letters die eerste letter van die maande van die jaar in volgorde is.

**Sê:** Noudat julle die sleutel het, kyk of julle die volgende een kan raai:

M D W D V S S

Hulle behoort nou heel maklik te kan raai dat dit die dae van die week is.

**Sê:** Sien julle dat dit nou makliker gaan omdat julle die sleutel het.

Die volgende een mag dalk bietjie moeiliker gaan, maar kom ons kyk:

E T D V V S S A N T

Wag ‘n rukkie en indien hulle sukkel, vra hulle om die letters te tel. Hulle behoort agter te kom dat dit die eerste letters is van die getalle 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

Die Bybel gebruik ook sleutels om ons te help om dit beter te kan lees en verstaan. Daar is natuurlik die boeke se name, die gedeeltes wat in hoofstukke opgedeel is en dan ook nommers wat verse aandui.

Skryf Johannes 3:16 op die bord/blaai. Wanneer ons so iets sien, wys Johannes ons natuurlik watter boek, die 3 verwys na die hoofstuk en die 16 is die vers in die hoofstuk om te lees. As ons bv. Johannes 3:16-17 sien, dan weet ons dat ons vers 16 en 17 moet lees. Soms as ‘n teksvers lank is, sal dit ook bv. wys lees Johannes 3:16a of b. Dit verwys dan dat jy die eerste deel van die vers moet lees en die b beteken die laaste deel van die vers.

Soms kan jy ook sien jy moet Markus 5:22-24, 35-42 lees. Wat dink julle beteken dit? Jy sal nou verse 22-24 lees en dan eers weer by vers 35 begin lees tot by vers 42.

Die laaste belangrike gedagte,is om te onthou dat die Bybel se organisasie ons help om die boodskap van Jesus beter te verstaan. Al klink als baie tegnies, is dit belangrik om dit te weet, sodat ons nie uitmis op hierdie Boodskap nie.

Sluit af met gebed in groepe.

**BOEKE VAN DIE BYBEL SPELETJIE:**

| OU TESTAMENT |
|---|

| NUWE TESTAMENT |
|---|

| | |
|---|---|
| Genesis | Eksodus |
| Levitikus | Numeri |
| Deuteronomium | Matteus |
| Markus | Lukas |
| Johannes | Handelinge |